Die ANC en die konsep van Nasie

Author : Alfred Bosch

Tagged as : identiteit, Joe Slovo, Suid-AfrikaSuid-Afrikaanse Kommunisteparty

Date : December 21, 2014

Afred Bosch, *Centre d'estudis africans*, Universiteit van Barcelona

"The people, the real people, do not support Inkatha. They are with the ANC."

(Teni, Soweto-aktivis 1993)

Die African National Congress (ANC) beskou en definieer sigself as die grootste nasionale bevrydingsbeweging in Suid Afrika. Hierdie strewe word reeds in sy naam verwoord. Wat die leerstellinge betref, stel die belangrikste segsmense hulself voor as instrumenteel in die onherroeplike verandering oor rasse-, kulturele, linguïstiese, etniese, geslags-, ens. grense heen. Só wil hulle die samelewing wat hulle graag sou wou verteenwoordig, sien. Enige bespreking rondom die ANC se politieke oriëntasie, veral in die binnekringe van die organisasie, blyk egter 'n futiele oefening te wees, byna lasterlik

Dit is juis hierdie selfversekerdheid omtrent die nasionale of nasionalistiese siening wat redelike kommer wek: want wat het nasie in die verlede beteken en wat beteken dit vandag? Watter staatsvorm word daardeur geïmpliseer? Hoe is dit veronderstel om in te pas by die labirint van Suid-afrikaanse identiteite? En verder nog: is die idee van nasie wat vandag, so geïdealiseer en begeer, deur die ANC voorgestaan word, gegrond op 'n werklikheid of is dit slegs 'n soeke gegrond op 'n abstraksie? Was dit van meet af aan reeds daar, gereed om enige oomblik ontdek te word, of is dit gebore uit spesifieke politieke oogmerke, vol illusies en waan?

Die stigterslede van die beweging het nie dieselfde kernbetekenis geheg aan die idee van 'n Suid-Afrikaanse nasie as wat hul opvolgers gedurende die tweede helfte van die eeu daaraan heg nie. Vir hulle beteken nasie vandag swart nasie; die res word ten beste as buurnasie beskou (G. Mbeki, 1992, p.26). Die nuwe ontluikende politieke mag is, in 1912, entoesiasties die South African National Native Congress (SANNC) genoem. Eers in 1923 word die naam verander na ANC. Sy eweneens entoesiastiese sameroepers het toe die beweging gesien as 'n groepering van uitgelese Afrikane, strydendes om die toelating van die swart gemeenskap tot burgerregte. Dit het dus eerder daaroor gegaan om waarborge t.o.v. beskerming van die staat te verkry, asook toelating daartoe, as om die skepping van 'n nie-rassige, kultureel-oop, ens., samelewing. Die aanvanklike eise van die SANNC moet gesien word in die lig van wat vandag eweseer geldig is: Suid Afrika behoort in alle eerlikheid aan Afrikane wat dit heelhartig en op 'n gelyke voet met ander groepe wil deel. Die SANNC se eertydse idee van 'n verbond tussen nasies en die huidige standpunt van die ANC, verskil egter hemelsbreed. Op dieselfde wyse as wat Dube, Seme of Plaatje in 1912 uit die staanspoor 'n interstam- (en nie anti-stam- nie) filosofie aangehang het, het die SANNC se idee van nasie nie voorgegee, of geweet hoe, om 'n suksesvolle teenvoeter te wees vir die ondier van rassisme nie.

Vanweë dié feit was die politieke debat in Suid Afrika sedertdien nog ononderbroke en skaamteloos opgesaal met ras en nasie. Hier en daar poog outeurs om onderskeide te tref (Maré, 1992, p.50), maar ná soveel jare se segregasie, blyk dit 'n amper onmoontlike taak te wees (sien, die uiters deurmekaar, Grobler, 1993). Die ANC het dié vraagstuk, teoreties gesproke, tot en met 1955 (*Charter of Liberty*), en in die praktyk tot 1985 (J. Frederikse, 1990, p. 242) vermy. Die nasionalisme van die ANC se pioniers, terwyl dit aanvanklik ooglopend nie-diskriminerend was, het onvermydelik ook eksklusiwiteit behels. Selfs

met hul visier op ‘n nie-rassige staat ingestel, loop die bekende ou spook van rassisme vandag nog by die debat oor ‘n nuwe territoriale model

Vanselfsprekend is só ‘n debat onvermydelik en selfs natuurlik. Maar dit behoort ‘n mens dan nie te verhoed om dié twee konsepte uiteindelik van mekaar te skei nie (‘nasie’ en ‘ras’) of om ten minste bedag daarop te wees wanneer hulle met mekaar verwar word en waarom dit gebeur. Dis nou maar eenmaal so dat die twee woorde afsonderlike betekenisse dra wat nie sondermeer vir mekaar kan instaan nie, nie eers in Suid Afrika nie. Ras het betrekking op fisieke verskille, terwyl nasie weer op kulturele verskille dui en dit bring mee dat die twee soms oorvleuel. Binne die perke van hierdie stuk wil ons indringend kyk na die ANC se aanvaarde nasionalistiese ideologie, in die besonder beskou waar verskillende konsepsies aangaande ras (‘Racialism’ o.a. as swart bewussynsterm wat daarop neerkom dat *négritude* meerderwaardig is) deel uitmaak van die heersende diskoers.

Die Groot Alliansie van Stamme

Moshoeshoe I, koning van Lesotho, het op sy dag gedroom van ‘n groot koalisie van Afrika-nasies wat die blanke koloniseerder van koers af sou kon bring, of ten minste sou kon stuit in sy uitbreiding in Suidelike Afrika. Hy kon nooit aan sy onderneming gestalte gee nie, maar ten spyte daarvan het hy tog die stigting van ‘n klein protektoraat beleef wat ‘n eeu later, geëmansipeer, as die Koningryk van Lesotho bekend sou staan.

Die Groot Alliansie egter, sou eers ‘n paar dekades later die lig sien, soos beliggaam deur die SANNC. Die inisieerders van dié nuwe projek was nie gekroondes òf Afrika-aristokrate nie, maar wel advokate, dokters, onderwysers, kerklikes en verstedelikte intellektuele. Selfs as goed gedefinieerde groep, was hulle ontvanklik vir tradisionele hiërargie en het hulle daarin geslaag om heelwat volgelinge onder dieselfde vaandel te vereenig. Pixley I ka Seme, ‘n Zoeloe-advokaat, se uitspraak benadruk hul oproep om saam te staan:

“Die duiwel van rassisme, die afskuwelike twis tussen Xhosas en Fingoes, die heersende onmin tussen Zoeloes en Tsongas, tussen Sothos en ander inheemse volke, moet begrawe en vergeet word… Ons is een volk. Die onderlinge verdelings en jaloesieë is die oorsaak van al ons hartseer en ons agterstand” (R. Rive, 1991, p.10).

‘n Gevoel van doelloosheid en onmag teenoor die wit aggressor het die opkomende swart middelklas reeds sedert die einde van die negentiende eeu daartoe genoop om interstam-organisasies te skep. Dit was die doelwit van provinsiale kongresse, die Vereeniging van Kaapse Kiesers of *Imbumba Yama Afrika* omdat die gewapende stryd, logies gesproke, misluk het vanweë die versplintering en talle onderlinge konflikte wat swartes verdeel het.

Na afloop van die opstande het die gebrek aan geloofwaardige leiers gelei tot die opkoms vanuit die sendingstasies van ‘n opgevoede Christelike elite, wat nie alleen onderlê was in universalisme en materiële vooruitgang nie, maar ook beskik het oor ‘n model vir ‘n interetniese maatskappy. Gevolglik kon hulle staatmaak op die samewerking van Afrikane ten spyte van die wrewel waarna Seme verwys (UNESCO, 1987, p.245). Amptelike geskiedskrywers was bewus hiervan en hierdie interetniese alliansie is as dié groot sukses van die SANNC uitgebeeld. Albert Luthuli, wat in sy outobiografie (A. Luthuli, 1989, p. 1-82) die leiers vir hul beskroomdheid en onderdanigheid kritiseer, loof egter hul sin vir eenheid en die selfopoffering wat daatoe lei dat stedelike en stambelange saamsmelt. Komende van Luthuli, president van die beweging en self prinslike afstammeling, dra hierdie lofbetuiging besondere betekenis.

Die amptelike ANC-geskiedskrywers voer egter die mitifisering van die ontstaan van die organisasie tot algehele buitensporigheid. Francis Meli, byvoorbeeld, stel dié geskiedkundige oomblik voor as kulminasie van ‘n nuwe betrokkenheid – nie stamgebonde nie – wat fundamenteel anti-koloniaal en daarom anti-

sendeling sou wees. Hy voeg by:

“Daar word gesê dat hierdie konferensie (van 1912) nie alleen die geboorte was van die ANC nie

maar ook van ‘n nasie – die ANC het as’t ware as vroedvrou by die proses van renaissance en nasionale regenerasie ingestaan… Dit was ‘n nasionale reddingsdaad, ‘n voortsetting – binne ‘n nuwe historiese raamwerk – van die stryd van ons volk teen kolonialisme, wat reeds lank vóór kolonialisme self begin het” (F. Meli, 1988, p.40).

Solomon T. Plaatje, een van die eerste algemene sekretarisse van die SANNC, daarenteen, werp ‘n ander, minder essensialistiese blik daarop en plaas die klem op die vermoë van die organisasie om oorleg tussen uiteenlopende belange te bewerkstellig. In sy belangrikste werk, *Native Life in South Africa*, lewer hy ‘n pleidooi teen die *Land Act* van 1913 (wat slegs 7,3% van die oppervlak van die land beskikbaar stel aan swart mense sover dit besit en boerdery aangaan.), en onderstreep die eenheidsgevoel wat die wet onder swartes teweeggebring het. Uit ‘n aanhaling in die Engelse pers meen Plaatje dat*: “Suid-afrikaners (wittes) was nog altyd bang vir gesamentlike aksie deur inheemse volke, maar met dié wet het hulle die maklikste manier gekies om alle swart mense te irriteer”* (S. Plaatje, 1916, p. 179).

Met die ontstaan van Suid Afrika in 1910 was die idee van ‘n blanke nasie-staat wat swart mense uitsluit en hul burgerskap weier, die resultaat van ‘n samesmelting van Boere-nasionalisme en Britse imperialisme. Deur Afrikane is dit as heiligskennis beskou. Die *Land Act* en ander wetgewende maatreëls sou ook, stadig maar seker, die uiteindelike rigting wat dit ingeslaan het, bevestig.

Die eerste *Congress* is, met ander woorde, hoofsaaklik gevorm uit reaksie teen ‘n verwronge en arrogante eurosentriese nasie-projek,. Logies gesproke was die stigting van ‘n afrosentriese klub, of as ‘n mens wil, ‘n rasgebonde een, die enigste verweer. Ten spyte daarvan sou daar tog ‘n verskil wees: terwyl ‘n bleek Suid Afrika die bo-toon voer met segregasie, het die gekleurde en ondergeskikte Suid Afrika na vore getree ten gunste van uiteindelike integrasie. Net soos die Unie van Botha en Smuts dit nie kon vermag om verskille tussen die wit stamme op te hef nie, so ook kon die alliansie tussen Seme en Plaatje nie daarin slaag om die verskille tussen hul eie groepe ter wille van ‘n swart nasie op te los nie. Om die waarheid te sê, hulle het nie eers voorgegee om te probeer nie.

Die nuanse is belangrik omdat dit die deurslagewende verskille tussen die eertydse Congress en die huidige een verklaar: sy nasionalistiese denke slaan ‘n ander rigting in tydens die vyftigerjare om dan later, tydens sy ballingskap, voltrek te word. In só ‘n mate dat die SANNC, ten spyte van sy naam, meer nasionalisties as nasionaal raak. In teenstelling daarmee bly sosiale gedrag, veral onder ‘n meerendeels landelike bevolking, steeds beantwoord aan die kulturele, linguïstiese, mitologiese en territoriale modelle van ‘n Moshoeshoe, Shaka of Makana.

Binne die SANNC self lyk dit ook nie heeltemal soos anglofone unitarisme nie, selfs al probeer die *bourgeois* alchemiste, ge-*coller* en ge-*tie*, vanaf 1912, die filosofiese klip van ‘n multi-etniese Afrikanisme smee. Sedert sy begin reeds bestaan die *Congress* uit twee kamers, ‘n senaat saamgestel uit stamhoofde en ‘n laer kamer. Selfs al het die laer kamer se afgevaardigdes besluite geneem en die organisasie bestuur, bly die feit dat dit ‘n aristokratiese parlement was ‘n duidelike en noodsaaklike konsessie aan die grotes van Azanië se tradisionalisme.

Die ANC wil vandag – met die uitsondering van ‘n paar aanloklike inisiatiewe ter elfder ure – nie erken dat só ‘n konsessie ooit bestaan het nie. Omdat stamhoofde in die verlede met Pretoria geflikflooi en die sluier oor etniese spesifisiteit gelig het, plaas dit die ANC se unitêre patriotisme onder verdenking en beliggaam hulle ‘n verouderde nasionalisme wat oor die algemeen met agterdog bejeën word. Oor die afgelope tagtig jaar het die samelewing vannselfsprekend ook onomkeerbare veranderinge ondergaan: die ewolusie van die ANC is ‘n getroue weerspieëling van industrialisering, verstedeliking en, kan ‘n

mens maar met ‘n mate van voorbehoud sê, die modernisering van Suid Afrika. Maar daarby het iets anders ook verander en bes moontlik na aanleiding van ‘n strukturele transformasie.

In teenstelling met wat Francis Meli en ander hedendaagse essensialiste wil beweer, het die primitiewe SANNC sigself nie uitgegee vir ‘n nasionale reddingsdaad nie, nóg minder probeer om lewe te blaas in die idee van ‘n universele lotsbestemming van atavistiese eenheid, wat verlore gegaan het met die aanvang van kolonialisme. Die groot alliansie het ‘n baie wyer basis gehad as wat vandag bekend staan as die Republiek van Suid Afrika met ‘n mate van verwarring t.o.v. die essensiële kriterium wat elke nasionale doktrine en territoriale identifikasie vereis. Die eerste grondwet van die SANNC het die insluiting van afgevaardigdes uit die eertydse Rhodesië asook die drie protektorate (die huidige Botswana, Lesotho en Swaziland) in die vooruitsig gestel. Onder die stigterslede van die SANNC was daar ‘n Sotho (uit wat vandag bekend staan as Lesotho), Maama Seiso en ‘n Tswana (uit Botswana), Joshua Molema; en onder die erepresidente van die eerste kamer was die koning van Lesotho, Letsie II (UNESCO, 1987, p. 724).

Seme, die groot politieke inkwisiteur wat boos na die afskuwelike twis tussen Xhosas en Fingoes, Zoeloes en Tsongas verwys het, was baie gesteld op sy eie afkoms en sy bande met sekere adelslui. Gedurende sy studieverblyf in New York was hy eerder as Zoeloe-nasionalis bekend as wat hy ‘n voortstander van ‘n unitêre Suid Afrika was (R. Rive, 1991, p. 87). Hy het as advokaat die Swazi-monargie verteenwoordig, wat weer op hul beurt die amptelike orgaan van die *Congress*, *Abantu-Botho* (UNESCO, 1987, p. 726) gefinansier het. Die jong Seme het ook ‘n sagte plek vir die Zoeloe-adel gehad en het koning Dinizulu se dogter só goed leer ken – in die Bybelse sin van die woord – dat sy met hom moes trou. In die jare dertig raak hy uit en uit ‘n tradisionalis en probeer om die Eerste Kamer, wat na minder as twintig jaar reeds verdwyn het, te reabiliteer.

Plaatje, ‘n Tswana, wat swart belange in die Transvaal en Oranje Vrystaat verdedig het, kon ‘n hele paar inheemse tale praat en het daarby ook ‘n belang by kiesers in die Kaap gehad (sy vrou was ‘n Fingoe). Sy biograaf meen dat dié talent daartoe bygedra het dat hy tot sekretaris-generaal verkies is. Nie net was hy ‘n groot kenner van die stamstelsel nie, maar ook ‘n kampvegter vir die Tswana-taal en hy het sterk daarop aangedring dat ‘n aristokratiese gesag geskep word met agt hoofde as ere-ampsdraers van die SANNC. Laasgenoemde versoek is hom gegun, hoewel ‘n inheemse naam vir die beweging afgewys is (B. Willan, p. 153-155).

Die voorafgaande feite weerspreek hoegenaamd nie die fundamentele premisse van die *Congress* se stigterslede nie: die skepping van ‘n nuwe, intervolk-, Afrikanasie aan die suidpunt van die swart kontinent. Twee onderskeidende kenmerke moet egter in aanmerking geneem word.

-Eerstens is die werklikheid van multi-etnisiteit nie oor die hoof gesien nie. In só ‘n mate dat, ten spyte daarvan dat die kern van leiers uit ‘n klein professionele kosmopolitiese klas gekom het, die basis berus het op ou stamstrukture. Dit was tradisioneel en landelik en deur vele nog beskou as die ware volke van Afrika.

-Tweedens was die houding van die *Congress* se patriargie van só ‘n aard dat ‘n mens nie sou kon sê die groot alliansie is voorgehou as die ontwaking van ‘n slapende volk, wat dadelik in staat was om alle stamverskille te kon oorbrug nie, maar as die skepping van ‘n nuwe moontlikheid. Hul visie, soos weerspiëel in die nuwe program, was eerder een van samewerking as van essensialisme: dit het ‘n historiese breuk t.o.v. die verbrokkelende anti-koloniale stryd bewerkstellig. Overgezet synde, was die aard van die aanbevole politieke en territoriale entiteit nie duidelik nie en sou dit ewolueer na gelang van veranderende omstandighede in die stand van dag-tot-dag politieke bestuur. Die idee van die insluiting van Rhodesië en die protektorate sou laat vaar word; konsolidasie van die Unie – en later die Republiek van Suid Afrika – se grense sou dit laat sneuwel. Die erkenning van etniese groeperings – òf dan verdraagsaamheid daarteenoor – sou verflou as gevolg van Pretoria se slagspreuk: “verdeel en heers”.

Veral ná die Nasionale Party en D.F. Malan se oorwinning.

Moshoeshoe se droom is bewaarheid, ten minste die pasifistiese en konstitusionele deel daarvan. ‘n Nuwe Afrikapatriotisme, pluraal en interetnies, het ontstaan wat ewe interprovinsialisties was as die blanke Unie, d.w.s. gegrond op vier administratiewe gebiede – twee voormalige Britse kolonies en twee voormalige Boererepublieke – wat grotendeels outonoom was ná die stigtingsooreenkoms in 1910. Nog baie water moes egter in die see vloei om by die huidige ANC se idee van ‘n gesentraliseerde nasie-staat waar gelykheid, nie-rassigheid, nie-seksisme en nie-stamgebondenheid heers, uit te kom. Die Jakobynse beskouing van ‘n onafhanklike en soewereine land, bestaande uit burgers en nie groepe nie, sou eers ‘n paar dekades lank moes wag.

Nasie van Nasies?

Tot en met die einde van die Tweede Wêreldoorlog het die leiers van die ANC ‘n onduidelike en versoenende toon gevoer t.o.v. die kwessie van nasionalisme; om die waarheid te sê t.o.v. allerlei kwessies. Denkrigtings uit hul geledere het oorheersend die verlede en hede van Afrikane aangespreek sonder om te veel stil te staan by die uiteenlopendheid van volke wat die kulturele rykdom van die swart gemeenskap gevorm het. John Henderson Soga, kleurling-akademikus en seun van Tiyo Soga – op sy beurt weer die land se eerste swart pastoor wat daarbenewens ook nog die vermetelheid gehad het om met ‘n Skotse dame te trou – het dit só voorgestel in sy groot kroniek oor die Nguni (J.H. Soga, 1930).

Intussen het die sterk opkoms van nasionalistiese Afrikanerkiesers (D. Harrison, 1981 en W.A. de Klerk, 1975) die ander groepe met dieselfde moontlike aspirasies in ‘n hoek gedwing wat die skepping van ‘n staat betref. Ten eerste het die volgelinge van Barry Herzog, en later dié van Dr. Malan, van die Afrikaniste gedwing, waarvan etlikes ook blank was, om die antropologiese aannames wat hulle gemaak het, te hersien. Die vraag oor eenheid in die interetniese front van die *Congress* is egter nooit geopper nie en die paar nuwe organisasies het slegs binne die grense van kultureel homogene sones gefunksioneer (*ICU Yase Natal*, die *Bantu Union* en *Convention* in die Oos-Kaap, of die *Bunga* wat deur die regering in die Transkei geloods is). Die provinsiale strukture binne die organisasie het onafhanklik gefunksioneer; in só ‘n mate dat daar sprake van afstigting was. Die mees konserwatiewe persoonlikhede in die ANC (Selope, Theme, Champion en selfs Seme) het ‘n ekstremistiese Afrikanisme voorgestaan wat veelrassigheid en sosialisme vir die progressiewe vleuel minder aanloklik laat lyk het.

Die gesalfde helde van die *Congress* wat tydens die dertigerjare na vore getree het, het self ook nie aan teenstrydighede ontkom nie. Die erudiete rektor van die Universiteit van Fort Hare en neef van Plaatje, Prof. Z.K. Matthews, was ook van Tswana-afkoms maar beslis ‘n ondersteuner van unitarisme. Hy kla in sy outobiografie:

“Ons leer om in twee wêrelde te leef… Die een wat ons in werklikheid vir ewig wil afsweer (die stam), en die ander wat ons geen geleentheid bied om op enige ander manier te ontwikkel nie. Ons sal nog later besef dat dit die proses van vervreemding van ons stamverbande was.”(Z.K. Matthews, 1983, p. 217)

Hierdie fenomeen waarna Matthews verwys geskied nie altyd onwetend nie. Terwyl die gevolg van integrasie in ‘n multi- of a-etniese stedelike omgewing vanselfsprekend vervreemdend sou wees, was Matthews se stam egter besig om toenemend onder die invloed van bantoestanisering soos deur Pretoria afgedwing, te kom. Die Zoeloe-hoofman, Albert Luthuli, beskryf hierdie konflik wat hy ook in eie wese ervaar, nog voordat hy hoofman en daarna president van die ANC sou word:

“Afrikane is vasgevang in ‘n ware dilemma – ons voel onsself daartoe genoop om ons lojaliteit aan ons stamhoofde te beaam terwyl ons sonder enige twyfel weet dat hulle besig is om in marionette van die Nasionaliste (Afrikaners*) te verander” (A. Luthuli, 1989, p. 67).*

Luthuli wy etlike fassinerende bladsye aan sy rol as hoof van die sendingstasie Umvoti en vertel hoedat 'n klimaat van wedersydse hartlikheid en warmte tussen stedelike en plattelanse Afrikane geheers het in die dertigerjare. Om die waarheid te sê, sý persoonlike trajek bewys in hoe 'n mate die etniese projek van die Afrikaners aan die begin van die vyftigerjare met hul eie logika sou bots. Dit sou aanleiding gee daartoe dat hy uiteindelik moes afstand doen van die Zoeloe-hiërargie en hom moes skaar by die toenemend anti-etniese ANC. Luthuli, anders as sy SANNC voorgangers, slaag dus nie daarin om albei passies saam te snoer nie. Hy maak 'n keuse. Ander weer, het kant gekies téén een groot nasie en vír die tuislande wat Verwoerd aangebied het. Dit, volgens Luthuli, was die "groot lokval" (A. Luthuli, 1989, p. 178 – 184).

Maar ons wil dinge nie vooruitloop nie. Die *Congress* van die dertiger- en veertigerjare het destyds nie gevoel hulle moet enigsins 'n keuse uitoefen nie. Soos Francis Meli ook onderstreep, het die organisasie konfrontasie met etniese groepe vermy. Hulle het eerder gepolariseer wat eenheid t.o.v. die verlies van grondgebied, vryheid en die behoud van Afrikakultuur betref (F. Meli, 1988, p. 81). Indien 'n mens toegee dat 'kultuur' in werklikheid eintlik 'kulture' beteken, was dié standpunt inderdaad 'n weloorwoë een: dis eers aan die begin van die vyftigerjare en juis kort ná die oprigting van tuislande, dat kulturele doelwitte ten koste van die begeerte om eenheid laat vaar is. Ander vriende, buite die ANC, was in elk geval onophoudelik besig om verskille uit te wys.

Nie baie martelaars sal ten aanskoue van dié oseaan van passie, 'n derde weg voorstel nie. Een wat opposisie teen apartheid met die redelike erkenning van die pluraliteit van mense in Suid Afrika, in samehang aandui nie. Weliswaar moet hulle nie vergete bly nie. Lionel Forman was een onder hulle. As jong kommunistiese intellektueel, het hy tydens die vyftigerjare met sy skerp prosa probeer om die *Congress*-alliansie te beïnvloed. Dit was dáár waar die geagte marxiste, met die voordeel van 'n demokratiese *Congress* en ander liggame, kon militeer. Forman was een van die mees vrye geeste wat ooit in 'n Stalinistiese opset aangetref sou word en sy teoretiese geskrifte was soos 'n vars briesie.

Reeds in 1928 het die Komintern aan sy Suid-Afrikaanse filiaal opdrag gegee om die slagspreuk, "*'n Inheemse en Onafhanklike Republiek op die pad na 'n Werkers- en Boererepubliek*" aan te neem. Tussen die tameletjie van die oproep self en die vrees van militante om die dreigement van vernietigende stalinistiese suiwering – wat die oproep vergesel het – te trotseer, was daar maar min wat agteroor gaan sit het om die implikasies van die bewoording uit te pluis. In 1932 weer, herhaal die Komintern hul aanslag:

"Onmiddelikke en volle nasionale onafhanklikheid vir alle volke in Suid Afrika. Die reg van Zoeloes, Sothos, ens., om hul eie Republieke te vorm. Die reg van Afrikanasies om vry 'n Federasie van onafhanklike, inheemse Republieke te vorm en 'n regering van werkers en boere te stig. Beskerming vir die regte van minderhede, die werkende massas Indiërs, Kleurlinge en Blankes" (E. Roux, 1948, p. 256 ; Van Diepen, 1988, p. 143).

Dié aanwysings raak in die moeras van die Suid-Afrikaanse kommunistiese organisasie van die jare dertig verlore.

In 1954, in die tydskrif *Advance*, neem Forman, op eie houtjie, die risiko om die aanwysings weer te gaan opdiep en die debat aan die *Congress*-alliansie voor te lê. Om mee te begin, vra hy dat die term "ras" vervang moet word met "nasionale groepe" of "volke" omdat dié benamings, selfs al dui dit op verskille, na sy mening die werklikheid van Suid Afrika beter weergee (L. Forman, 1992, p. 172). En hy benadruk wat hy beskou as kultureel bevrydende eise, teenoor onderdrukkende rassestereotipes:

"Ons Zoeloedigters moet vryheidsliedere in hul moedertaal sing – mense moet uitbars van die lag as hulle Sotho-satires oor die regering aanhoor… Suid Afrika is nie een nasie nie. Dis 'n multi-nasionale staat bestaande uit 'n sekere aantal volkere" (L. Forman, 1992, p. 173-176).

Met sy griffel geslyp, laat Forman hom nie intimideer deur die buitensporige kritiek van Yusuf Dadoo van die *Indian Congress* nie – ook geaffilieer by die Alliansie – of deur lede van die ANC soos Z. K. Matthews se seun, Joseph, nie. Joe betreur dit dat die debat ontydig kom in die lig van die opposisie se fundamentele eenheid. Dié sou later in elk geval die onsegbare doen en oorloop na Inkhata, om sy eer te verruil vir ‘n pot lensiesop! Forman ignoreer die teenstand en voer die debat verder. Hy wend hom tot kameraad Stalin vir kundige ondersteuning, met aanhalings oor sy idee van nasionaliteit en “nasionale groep”; dus ‘n entiteit met eie linguïstiese en historiese eienskappe wat aspireer na ‘n sekere territoriale en ekonomiese samehang. Uit die volvoering van hierdie samehang word uiteindelik dan ‘n volwaardige nasie gebore. Forman verwys na die identifikasie van volke in Suid Afrika en die skepping van ‘n oop, sosialistiese en gelukkige samelewing, maar benadruk in dié belangrike teks, die volgende:

“Om legitieme grondgebied aan mense te waarborg sal ‘n paar oppervlakkige denkers, wat te veel gekondisioneer is om enige idee wat na verdeling lyk, met apartheid te assosieer, verbaas. Maar dis duidelik dat waarborge oor nasionale outonomie in ‘n populêre demokrasie geheel en al niks met apartheid te doen het nie”(*id*., p. 188).

Forman druk deur en organiseer ‘n simposium in die Kaap oor die nasionale kwessie, waar hy optree saam met Masabalala Yengwa van die ANC, Archibald Jordan, ‘n Afrika-linguïs, en Jack Simmons van die sentrale komittee van die Kommunistiese Party (SACP). Jack Simons, in sy blindheid, oorreageer oor dié aangeleentheid, en laat geen polemiek daaroor ontwikkel nie. Om die waarheid te sê, hy sensureer die gesprek:

“Dit sal ‘n fout wees om onsekerheid te skep of af te wyk… en om die klem op stam-, rasse- of kulturele verskille te plaas. Daarom moet die klem, vir dié wat deelneem aan die nasionale bevrydingsbeweging, so veel as moontlik op gemeenskaplike waardes en belange geplaas word” (*id*., p. 188).

‘n Paar jaar later ontstaan daar verskille tussen, onder andere, Stalin en Potekhin, die direkteur van die Etnografiese Instituut in Moskou. Toe Potekhin uitkom met die towerwoorde, “…*kennis van probleme verhoed foute*” (id., p. 191) is Forman aangevuur om nie af te sien van die verbintenis tot sy idee nie. Dit was trouens al wat dié dapper denker nodig gehad het om kop eerste by die skrum in te duik. Hy argumenteer dat die distorsies op die nasionale kaart van Suid Afrika veroorsaak is deur kapitalisme en imperialisme wat weer aanleiding gegee het tot migrasies en hibride vorme van nasionaliteit in mynvestings en stede. Hy voorspel die volgende:

“Een Afrikanasie sou miskien vóór een Suid-Afrikaanse nasie in Suid Afrika kon opstaan. Eweneens lyk dit moontlik dat die Zoeloe-, Sotho- en ander volke onafhanklik sal ontwikkel voordat hulle verdwyn in een Afrika nasie… Met die Congress *het die eerste werklike gevoel van ‘n nasionale Afrika-eenheid ontstaan. Maar die afsonderlike stamme was lank reeds al as nasies beskou. Die woord ‘nasie’ word vryelik gebruik om elke afsonderlike Afrikastam aan te dui op dieselfde manier as wat dit na Afrikane in hul geheel verwys. Die gebruik van die woord “nasie’ is, in der waarheid, in beide gevalle verkeerd* (*id*., p. 192 –194)

Hiervandaan verder begin ons ‘vriend’ die pad byster raak. Hy gooi alle omsigtigheid van die verlede oorboord en begin pre-Afrikavolkere uitwys: Zoeloe, Sotho, Xhosa, Swazi, Tswana, ens., asook ander pre-pre-Afrikavolkere wat nie rekening hou met kameraad Stalin se aanwysings oor geografiese samehang nie. Afrikaners, Kleurlinge, Engelse, Indiërs (wat, na gelang van die linguïstieke maatstawwe wat gebruik word, miskien in twee groepe verdeel kan word). Met ‘n vrygewige gebaar, ken hy aan almal, sosialisties en vry, die reg tot selfbeskikking toe. Potekhin gooi olie op die vuur wanneer hy wed dat Engelse en Afrikaners as ras, en die Nguni-groepe linguïsties (Zoeloe, Xhosa en Swazi), sal saamsmelt.

Sodoende raak die debat in algemene teorie verlore, sonder die simpatie van selfs die partykamerade. Forman, wat miskien sy stellinginname m.b.t. ‘n toekomstige Suid-Afrikaanse unie van sosialistiese

republieke verder sou kon verfyn, sterf voortydig in 1959 en laat die *Congress*-alliansie ‘n bietjie wees wat teoretici oor die nasionale vraagstuk aanbetref.

Intussen is daar in die geledere van die ANC, sover dit die alledaagse praktyk aangaan, ‘n interessante ontwikkeling waarneembaar. Sonder enige ophef, aanvaar die Congress van Dr. Xuma (1940 – 1949) deklarasies wat die lomp, nasionalistiese skerpheid van hul voorgangers ietwat temper. In ‘n dokument waarin die Atlantiese Verdrag (1943) behandel word, getiteld *African Demands*, word die afsonderlike bestaan, soos voorsien deur die ou SANNC-struktuur, vir die drie protektorate geëis. So ook, word soewereiniteit vir Suidwes-Afrika (Namibië) in ‘n ander dokument geëis. Die reg tot selfbeskikking van volke word dus, wat Suid Afrika betref, bekragtig, maar nie genoegsaam geëkstrapoleer om vas te stel of dit een volk sonder etniese en rasse verskille behels, en of die volkere wat hul soewereiniteit moes uitoefen, as afsonderlik gesien is nie (Karis/Carter II, 1987, p. 213). Xuma onderneem ook ‘n ambisieuse renovasie van die organisasie en plaas die provinsies direk onder sy bestuur, terwyl besluite aanstons deur die gesentraliseerde, permanente komittee geneem sou word. Met die totstandkoming van die *ANC Youth League* (ANCYL), draai die debat rondom die punt wat Forman, dalk onskuldig, wou vermy: rasseverskille. Dis onnodig om hier die toetrede van jong Afrikaniste tot die ANC se *Congress* òf die leerstellinge wat voorgelê is deur Lembede, Mda, Sisulu, ens., te ondersoek. ‘n Mens kan nietemin opmerk dat dié hegte groep wat rondom Afrikanisme vorm aangeneem het *(“Afrikanisme moet bevorder word… Afrikane moet opstaan vir hul nasionale bevryding”, id*., p. 300), het die oomblik toe sy program van aksie deur die ANC-bestuur aanvaar is, krake begin toon. Die program was ten minste ewe eksplisiet as die dokumente van die ANC se jeugliga, waarin hulle sê: “*By nasionale bevryding bedoel ons bevryding van wit oorheersing en uiteindelik politieke onafhanklikheid*” (*id*., p. 337). Dié houding ten spyt, is daar verskeie persoonlikhede wat hulself op daardie oomblik tot veelrassige standpunte wend. Aanvanklik was die behoudende of “nasionalistiese” vleuel (Mda, Ngubane, Tambo) oorskadu deur die eksklusiewe groep, of “Afrikaniste”(Lembede, Sisulu, Mandela en later Sobukwe). Met die dood van Lembede in 1947 en die gesamentlike mobilisering van die *Indian Congress* en radikale wittes, asook die ontwikkeling van apartheid vanaf 1948, skaar die jong leeus van die *League* hulle by die minderheidsgroep. Toe Xuma in 1949 onsetel word om plek te maak vir Walter Sisulu as sekretaris-generaal van die *Congress*, was rasse-nasionalisme alreeds beskou as byna ‘n jeugsonde, deur ‘n marginale groepie vuurvreters onderhou (P. Walsh, 1987, p. 49-361). Dit was hierdie einste groepie, ondersteun en aangemoedig deur vurige retoriek, wat in 1959 sou wegbreek om die *Pan Africanist Congress* (PAC) onder leiding van Robert Sobukwe te stig.

Al wat nog makeer het was ‘n verklaring van die leerstelling wat dié nuwe veelrassige nasionalisme sou onderskryf. Na ‘n paar jaar se samesprekinge was ‘n uitgebreide dokument aanvaar: o.a. was daarin voorsiening gemaak vir die strewe na Swart, Wit en Grys volke. Dit sou bekend staan as die Vryheidshandves (*Freedom Charter*). In die voorwoord daarvan word dit as volg gestel*: “Suid Afrika behoort aan almal wat dit bewoon, Swart en Wit”(Karis/Charter III, 1987*, p. 205). Verwarring oor die besit van die nasionale erfdeel was hoegenaamd nie moontlik nie: alle rassegroepe moes deel daarin. Met die aanvaarding van die beginsel van veelrassige samewerking, is die *Congress*-alliansie bekeer tot “Handvesalliansie”. Om Suid Afrika in die voorwoord só as “volk” te definieer, was duidelik ‘n historiese mylpaal.

‘n Hoofstuk uit die Handves, het selfs gelyk asof dit moontlik Forman se teorie sou kon ondersteun; ten minste sover dit die pluralistiese ideologie van die eerste SANNC betref. Só was daar van eenheid van die vaderland nêrens in ‘n enkele paragraaf melding gemaak nie; daar was nêrens eens sprake van ‘n model vir ‘n toekomstige nie-etniese of sentralistiese staat nie. Met die sin: “*Alle nasionale groepe sal dieselfde regte hê*” word aangekondig dat:

“*Alle nasionale en rassegroepe sal gelyke status hê in die Staatsdiens, voor die Reg en in die skole. Alle nasionale groepe sal beskerm word deur die Wet in hul behoud van nasionale trots en teen rassediskriminasie; almal sal ‘n gelyke reg hê om hul eie taal te gebruik, hul eie populêre kultuur te*

ontwikkel asook hul eie gebruike" (Karis/Charter III, 1987, p. 205).

Bó en behalwe die gebruiklike verwarring tussen ras en nasionale groep, sou 'n naïewe waarnemer kon sweer dat die *Congress*-alliansie 'n "nasie van nasies"-projek probeer aanwakker. Nie heeltemal nie. Die Vryheidshandves het waarskynlik in dié paragraaf die swanesang van 'n idee wat sy loop in ANC en medewerkerkringe geneem het, weergegee. Een wat deur die bantoestanisering van Verwoerd, radikaal en binne 'n baie kort tydjie, uitgewis sou word. Die redakteurs van die Handves was 'n ou generasie manne wat, soos Z.K. Matthews of Luthuli, hulself tussen twee wêrelde bevind het: 'n stedelike, kultureel-hibriede een en 'n plattelanse een gekenmerk deur etnisiteit en wat hulle, met nostalgie, aan hul gelukkige kinderdae herinner het. Wat die wit marxiste, wat aan die redigeringsproses deelgeneem het, betref, het hulle sopas ontdek hoeveel verdeling en ophitsing in die uitdrukking "*nasionale groepe*" opgesluit lê. Gou het hulle besef dat dit 'n *faux pas* was.

Die Morogoro-sindroom

Toe Hendrik Verwoerd in 1950 aangestel word as minister van Naturellesake, het hy dadelik begin om sy tesis van afsonderlike ontwikkeling of apartheid, toe te pas. Vir hom was Suid-Afrika 'n wit land en daarom moes ander rassegroepe òf terugkeer na hul onderskeie bantoetuistes (tuislande) òf beskou word as tydlike immigrante in wit gebiede. Wetgewing wat in dié verband geneem is, het wette oor mobiliteit (1950 en latere wysigings in 1952), die Groepsgebiedewet (1950 en latere wysigings) en die Wet op Bantoe-owerhede (1951) behels. Die uiteindelike formulering daarvan het gekom met die afkondiging van die Wet op Bevordering van Bantoeselfbestuur (1959 en latere wysigings).

In hierdie verband moes die verslag, wat die regering aangevra het van die Tomlinsonkommissie, die objektiewe feite vir die vatbaarheid van territoriale segregasie inventariseer. Die gevolgtrekkings van die verslag wat in 1954 voorgelê is, ondersteun wat tot dusver niks minder as 'n sinistêre teoretiese oefening van Verwoerd en sy volgelinge was nie. Dié werkstuk beveel die skepping van tien nuwe bantoestate wat die bestaande reservate as grondslag moes gebruik, aan. Dit moes gevolg word deur 'n massiewe oordrag van investering en eienaarskap vir die territoriale konsolidasie daarvan. Die resultaat van só 'n ambisieuse operasie sou die swart bevolking dan in staat stel om opgeneem te word daarin deur ekonomiese ontwikkelende maatreëls wat sou lei tot onafhanklikheid en emansipasie van die tuislande (Sachs, 1961), p.57).

Die regering was vinnig om net sekere voorstelle van die verslag te implementeer, terwyl die duurder voorstelle vir eers op die agtergrond geskuif is. As daar ooit enige twyfel daaroor bestaan het, was die perverse aard van apartheid as instrument vir wit oorheersing nou duidelik onderstreep, in teenstelling met werklike apartheid of retoriek wat gelyke afsonderlike ontwikkeling voorgestaan het (R. Malan, 1990, p. 31).

Nasionalistiese Afrikane was traag om hierop te reageer en om helder en besliste teenspraak te lewer. ANC-aktiviste het reeds van die begin af die beginsel en die absurditeit van afgeleë tuislande gekritiseer – Plaatje het, van meet af aan, hom daarteen verset in sy onafgebroke pleidooie téén wette oor eiendomsreg (S. Plaatje, 1916, p. 257-260). Teenstand teen die filosofie wat grondgebied afbaken, was niks nuuts nie. Maar daar was nogtans redelike twyfel, tot en met die wetsverklaring van 1959, of die waansin van Verwoerd wel eendag gestalte sou kry.

Met die besef dat die proses van bantoestanisering onomkeerbaar geraak het, het dié wat téén Pretoria se 'lokval' gekant was, hul stemme laat hoor. Een van die stemme, terwyl 'n mens van die ANC praat, wat darem uitgesonder moet word, is dié van Nelson Mandela:

"Die tuislande probeer nie gestalte gee aan die aspirasies van die Afrikavolk nie: dit is instrumente van onderwerping. Onder die voorwendsel van outonomie, word dit [die hele land] verdeel in stameenhede wat

vooruitgang en ontwikkeling tot nasionale status in die volle sin van die woord, vertraag" (Libération, 1959, p. 67 in : S. Johns et R. H. Davis, 1991).

Aanvanlik was Mandela veral bekommerd oor die moontlikheid dat die tuislande Afrikane se kapitaal kon toe-eien en ook oor die tendens na eksklusiwiteit en etnisiteit wat alomteenwoordig was – in die Suidafrikaanse samelewing sowel as binne die *Congress* self, selfs al was dit aan die afneem. Herinneringe aan sy jeug in Transkei was nog vars in sy geheue en hy het sonder twyfel ook dieselfde kontradiksies as Z.K. Matthews en Luthuli ervaar. Sy bande met die Xhosa-aristokrasie en sy spontane trou aan die verlede moes uiteraard aan hom 'n kritiese register verleen. 'n Paar jaar later, in die gevangenis, erken hy dat dié konflik by hom bestaan in 'n brief aan sy biograaf, Fatima Meer. Hy beaam dat daar in sy eie gemoed twee Transkeie bestaan: die een wat onskuldig en oop is en hom herinner aan sy kinderdae en sy voorgangers, en die ander:

"…*die politieke entiteit wat in die middel van die vyftigerjare die lig sien en wat die laagste soort polemiek laat opvlam het, sodat dit vriende, families en bewonderaars in teenstanders verander het, selfs in geswore vyande*. Van sy neef, die president van Transkei, Kaiser Matanzima, sê hy: "*Ons voel nog steeds baie ná aanmekaar, maar iets in my het gebreek toe hy na die Afrikanernasionaliste oorgeloop het*" (F. Meer, 1990, p. XV).

Die burgeroorlog in Transkei wat grotendeels deur bantoestanisering veroorsaak is, het Mandela – en sy vrou Winnie – persoonlik geraak, want hul naastes was daarby betrokke (F. Meer, 1990, p. 152). Hierdie kontradiksie word uiteindelik opgelos, soos in byna elke geval binne die ANC, deur die satanisering van selfbeskikking soos Verwoerd dit voorstaan. Govan Mbeki beleef dit op eenderse wyse.

Die houding van laasgenoemde is van besondere belang. Van jongs af lid van die ANC en later van die SAKP, word hy later sekretaris van die Swart Kiesersvereeniging van die Transkei, en was hy ook vir vier jaar lank lid van die *Bunga* of stamraad. Ná sy skuldigbevinding by die Rivonia-verhoor, sou hy tydens sy gevangeneskap 'n boek, *The Peasants' Revolt,* skryf wat uiteindelik dié verwysing sou word onder die Xhosa-leierskap van die ANC. In sy oeuvre, gee Mbeki weer wat 'n mens as die amptelike standpunt van die beweging oor die Transkei, sy burgerlike konflik en bantoestanisering in die algemeen, kan beskou:

"*Die Transkei is Dr. Verwoerd se antwoord op internasionale kritiek teen apartheid… Die Transkei is die venster op Suid Afrika… As apartheid nie dáár werk nie, sal dit nêrens werk nie. Dit is… 'n wal om die vloed van Afrika-nasionalisme te keer in Suid Afrika. Die hele politiek van tuislande berus daarop dat wit oorheersing nie kan slaag om Afrika-nasionalisme te stuit indien hierdie nasionalisme nie deur sekere kanale beheer word nie. Die struktuur van apartheid, wat versigtig weggesteek word, bly swak en wankelrig. Ekonomiese werklikhede ontsier egter die drome van tuislande en, in plaas daarvan dat dit 'n nasionale oplossing bied vir die probleme van vandag en more, is die tuislandprojek 'n terugkeer na die Suidafrikaanse verlede*" (G. Mbeki, 1964, p. 15 – 22).

Mbeki belig die uiters belangrike verskil tussen die Transkei vóór en ná apartheid. Eersgenoemde was nou wel die resultaat van volwaardige segregasie en die belofte van privaatbesit in 'n reservaat vir Afrikane wat hul reg daartoe in wit gebiede verbeur het, maar hulle het nie alle regte van Suidafrikaanse burgerskap as tuislandinwoners verbeur nie. Die soewereine model wat vir die hele Unie gegeld het, is ook nie aangetas nie. Die *Bunga*-verkiesings was nie as alternatiewe verkiesings vir dié in Suid Afrika voorgehou nie – vir die enkele paar kiesers in die Transkei wat stemreg gehad het. Ná die wet van 1959 en sy latere wysigings, was die neiging van Pretoria egter om die regte en voorregte van wit Suid Afrika van die tuisland en sy burgers te weerhou.

'n Ander kritiek soos deur Mbeki verwoord, weliswaar meer bykomstig as konseptueel, beklemtoon nogtans die feit dat die uitgebreide aanwysings van die Tomlinsonverslag nie deurgevoer is nie. Die fiasko van die tuislande word rugbaar toe die demografies reeds-versadigde grondgebiede voorgehou word as

teenvoeters vir die migrasie-tendens sonder dat daar intussen enige landbou-ontwikkeling plaasvind òf die skepping van‘n plaaslike middelklas aangemoedig word. Volgens Mbeki, was die vlak van investering aan die begin van die sestigerjare minder as die helfte van wat die Tomlinsonverslag aanbeveel het as absolute minimum nodig om aangewese doelwitte te bereik (G. Mbeki, 1964, p. 94).

In 1970, met die Wet op Bantoeburgerregte, word die opheffing van dubbele burgerskap uiteindelik aangekondig en met onafhanklikheidswording van tuislande sou dit outomaties van krag word. Die Eerste Minister, Verwoerd, het sy huiwering uitgespreek oor die verbrokkeling van sy nuwe Republiek (in 1961 uitgeroep, ná uittrede uit die Commonwealth). Sommige ANC-aktiviste, gevangenes of uitgewekenes, het die raaiselagtige sluipmoord op die Eerste Minister in 1966, beskou as die resultaat van binnegevegte. Vir hulle was dit die werk van sekere groeperinge in die regerende party self wat Verwoerd se teenkanting wou oorkom en wat bantoestanisering nougeset wou toepas (M. Dingake, 1987, p. 197).

Die eerste onafhanklikheidswording, dié van die Transkei, sou nie vóór 1976 geoktrooieer word nie. Dit was egter lank reeds duidelik dat nie God òf Dr.Verwoerd ‘n konsessie met ‘n perk van aanvanklik-net-‘n-bietjie outonomie sou kon instel nie. Die bal, van die hoogste krans van apartheid af, was aan die rol en was besig om momentum op te tel. In ANC-geledere, veral in die buitelandse missie, was die antwoord daarop weereens die gewone afkeur aan die ‘piesangrepublieke’ in ‘n poging om dit te diskrediteer, binne sowel as buite Suid-Afrika. Die veldtog was ‘n sukses, want die internasionale gemeenskap wou geeneen van die ‘onafhanklike state’ erken nie.

Binne die *Congress* was kategoriese verwerping die mees algemene reaksie:

“*Tuislande is ‘n verbygaande verskynsel, ‘n nagmerrie op die pad na vryheid waaraan ons mense nog sal terugdink. Een ding is egter seker: Afrikane sal nooit Bantoe-owerhede aanvaar as alternatief vir vryheid en demokrasie in Suid-Afrika nie*.”

Só praat Masabalala Yengwa, wat skaars vyftien jaar terug nog met Lionel Forman wou gesels oor die belangrikheid van nasies in Suid-Afrika (A. La Guma, 1972, p. 19).

Tesame met al dié verdoemende uitlatings, was die mees gesiene intellektuele in die Handvesalliansie aan die werk om ‘n gesofistikeerde en komplekse korpus van teorieë te probeer ontwikkel sodat die historiese moment waarin die ‘nasie’ sig bevind het, beskryf kon word en hulle raad kon bedink wat al sy kwale sou genees. Die towerstaf verskyn in die hand van Joe Slovo en ander invloedryke kommuniste met die dokument getiteld *Strategie en Taktiek*, by die Morogoro-konferensie (1969).

Met verwysing na die Vryheidshandves, maak dié nuwe dokument vir die eerste maal die deur oop vir militantisme binne die ANC – vir die oomblik uitgeweke – wat alle rassegroepe sou betrek. Aanvanklik het dit eers op die agtergrond gebly. Die eens nasionale, veelrassige doktrine sou egter laat vaar word om, in 1983, vervang te word deur ‘n nie-rassige begrip wat uitgebrei sou word na die bestuur en ondergrondse militante in die ANC se binnelandse vleuel. *Strategie en Taktiek* het die Suidafrikaanse situasie as ‘n “spesiale soort kolonialisme” beskryf omdat veronderstel is dat imperialiste en gekoloniseerdes besig was om dieselfde grondgebied te betwis. Die ANC sou daarom die stryd téén kolonialisme namens die onderdrukte klasse moes voer – wat hoofsaaklik swart was, met die uitsondering van enkele ‘albino’ rebelle – om één nasie te bou, saamgesnoer in ‘n samelewing sonder klasseverskille en waar rasse-, etniese-, geslags-, ens. diskriminasie nie teenwoordig was nie.

Slovo het homself onderskei as ‘n meedoënlose stryder op vele gebiede en veral wat die uitbreiding en verspreiding van die Morogoro-tesis betref. Hy benadruk daar ‘n spesifieke soort kolonialisme in Suid Afrika bestaan waar klein afhanklike entiteite regeer word deur plaaslike oligargieë – die tuislande – op dieselfde wyse as wat daar vanuit koloniale metropole voortgegaan word om hul eertydse besittings te plunder (B. Davidson, J. Slovo en A.R. Wilkinson, 1976, p. 144).

Slovo se tydbom gaan in 1988 af met die verskyning van ‘n versameling o.l.v. Maria Van Diepen, getiteld *Die Nasionale Vraagstuk in Suid Afrika*. Daarin ondersoek en verbreed ‘n groep intellektuele ná aan die ANC die stellings in *Strategie en Taktiek* in al sy nuanses. Slovo self, bring ook sy deel in die vorm van ‘n artikel waarin ‘n sleutelvraag beantwoord word: “*Is ons reeds ‘n nasie of vir die oomblik nog net ‘n nasie-in-wording?*” Daarin weerlê hy die stalinistiese stelling oor nasionaliteite en die teorieë van Forman. Volgens hom laat Forman die debat byna struikel deurdat hy dit te naby aan etniese separatisme waag en beklemtoon Slovo dat etniese en streeksvraagstukke oor regte gereeld die anti-koloniale stryd om ware nasionale selfbeskikking ondermyn i.p.v. ondersteun. Hy kondig aan:

“*Suid Afrika is nie ‘n veelrassige land nie: dis ‘n nasie-in-wording… Ons weet baie goed wat ‘veelvolkery’ beteken. Dis ‘n uitgeslape manier om nasionale heerskappy te behou… Ons kan geen uitgebreide of berekende voorstelle aanvaar wat ‘n ‘veelvolkige’ raamwerk in stand hou en wat ‘n verbrokkelde nasionale identiteit en daarmee saam wit rassisme, beskerm nie*” M. Van Diepen, 1988, p. 148).

In dieselfde trant verontagsaam die outeur die toegewyde aanbevelings van kameraad Starushenko, lid van die Sowjet Akademie vir Wetenskap, wanneer dit oor minderheidsregte in die toekomstige Suid Afrika gaan:

“*In die Sowjet Unie, is die erkenning van veelvolkery die basis vir bevryding en nasionale selfbeskikking… In ons geval is veelvolkery die by uitstek die rassistiese manier om nasionale dominansie te verseker*” (*id*., p. 150)

Die versameling in sy geheel verleen ‘n interessante nuanse aan die sentralistiese gedagte wat Slovo verdedig. M. Van Diepen dring byvoorbeeld daarop aan dat wit nasionalisme ‘n bedekte vorm van dominansie is, terwyl ware, bevrydende en nie-rassige nasionalisme in ‘n swart nasie vervat is – wat ook staatmaak op sekere minderhede (*id*., p. 10). William Pomeroy gaan aanvanklik van dieselfde standpunt uit, maar verloor sy draad deurdat hy ‘n model soortgelyk aan dié van die Sowjet Unie wil voorstel om die etniese doolhof, uit kolonialisme oorgeërf, die hoof te bied. In sy gevolgtrekking egter, vind hy sy spoor terug en wys daarop dat ‘n enkele internasionalistiese en oop mag – soos byvoorbeeld die ANC – oor die kapasiteit van integrasie beskik om dié taak baas te raak (*id*., p. 14 – 29).

Mzala, ‘n suiwer Zoeloe en die ANC se skerpste assegaai teen Buthelezi, meen dat kapitalisme in Suid Afrika ‘n samehang meebring vanweë ‘n gemeenskaplike mark wat verskille tussen Afrikane laat vervaag. In dié verband is die mees effektiewe verweer teen die volkse, wit onderdrukking ‘n nasionalistiese solidariteit van die onderdruktes. Die werkersklas, kwansuis bevry van enige etniese bande, vorm sodoende die avant-garde van ‘n rewolusie wat sal lei na ‘n nuwe sosialistiese volk en wat – volgens hom – volke wat alreeds nie eintlik meer afsonderlik is nie, sal saambind. Dit raak nog meer ongemaklik wanneer die skrywer, sonder skroom, sy tesis belig met voorbeelde van samesmelting uit ander ervarings in die geskiedenis: *“Die Italiaanse volk is tog gevorm deur die Romeine, Teutone, Etruskers, Grieke, Arabiere, ens.*” (id., p. 39 – 55)

Harold Wolpe vergelyk nasionale bevryding met vordering na sosialisme (*id*., 64), en Francis Meli benadruk weer dat daar sonder die nasionale bevryding van swart mense, nie sosialisme in Suid Afrika moontlik is nie (*id*., p. 72). Kader Asmal gebruik Resolusie 566 van die VN i.v.m. die herstel van die reg tot algehele selfbeskikking om aan te toon dat hier, volgens hom, ‘n flagrante geval van wederregtelike betreding van nasionale soewereiniteit is. Selfs al behels die opeis van burgerregte ‘n spesiale kategorie – soos in die geval van die Vereenigde State – stel die spesifieke soort kolonialisme waaraan Suidafrikaners blootgestel word, hulle in staat om restitusie van rykdom, grond, kultuur, eer…. kortom, volle nasionale soewereiniteit, te eis (*id*., p. 135).

Laastens voel Pallo Jordan dat ‘n nasie sigself nie in klaargemaakte begrippe, afkomstig uit sekere universiteitkringe, herken nie, maar dat dit ‘n produk van wil en ondersteuning van ‘n gesamentlike projek

is waarin nie ras òf kleur ‘n rol speel nie. Die enigste ware rassiste is dan dié wat hulself uitsluit uit iets wat amper lyk na Asmal se Jakobynse idee van soewereiniteit. Net vir ingeval daar nog hoegenaamd enige twyfel bestaan oor wie soewereiniteit mag opeis, word daar na die nasionale groepe wat in die Vryheidshandves genoem word, verwys: “… *kulturele diversiteit van die Suidafrikaanse bevolking word erken, maar sonder dat dié idee kategoriese immobiliteit beteken*.” Hy sluit af met die volgende oorweging: “*Afrika verwerp met rede die idee van afstigting*” (*id*., p. 118).

Ons veronderstel dat wanneer Jordan van Afrika praat, hy na die OAE en sy konstitusionele beleid t.o.v. respek vir grense wat uit die koloniale tydperk oorgeërf is, verwys. ANC-intellektuele het, in elk geval sedert 1912, of selfs sedert die viering van die Handvesalliansie in 1955, ‘n ver pad gekom. Gedurende die sewentiger- en veral tagtigerjare, het die Morogoro-sindroom egter die universiteitstoneel oorheers, ver verby die bakens van handves-militantisme.

Dit wil voorkom asof daar in die Suid-Afrikaanse opposisie tendense was wat in sekere gevalle skynbaar nie sentralisties genoeg was nie, veral ná die ANC, post-Morogoro en sy postulate. Robert Sobukwe se biograaf, Pogrund, dring daarop aan dat sy man nog altyd die opkoms van ‘n sterk nasionale bewussyn waarin swartes saamgesnoer word, aangemoedig het ter ondersteuning van ‘n strydvaardige afrikanisme. Dis seker moontlik dat die nasie-gedagte van die PAC van die begin af meer monochroom as dié van die ANC was, veral omdat hulle op rassegronde daartoe geneig was om, in die praktyk, Indiër, Kleurling, en in die besonder wit minderhede uit te sluit (P. Pogrund, 1990, p.66).

Die bruin intellektueel en simpatiekgesinde van ‘n klein groepie Trotskiste in die Eenheidsbeweging, die onvermoeibare Neville Alexander, neem die ANC onder skoot daaroor. Hy stel drie oplossings vir die nasionale vraagstuk voor:

- Die verdeling van grondgebied tussen wit en swart in minstens twee state, soos met apartheid:

“*Die sogenaamde nasies wat voorgee dat hulle Xhosas, Zoeloes, Tswanas, Kleurlinge, Indiërs, ens. verteenwoordig, bestaan nie en geen teorie sal hulle ook verwerklik nie… Die enigste manier vir dié wat voorgee om nasies te wees, om enige soort legitimiteit, soos in Pakistan/Israel, op te eis, is om soos in dié state as teen-rewolusionêre sentra òf as verdeling teenoor gekoloniseerdes van die wêreld te staan*” (N. Sizwe, 1979, p. 180).

- Die skepping van ‘n veelrassige of multi-etniese staat soos deur die ANC en Handvesalliansie uiteengesit aan die einde van die sestigerjare. Volgens Alexander kan só ‘n model net bestaan indien die swart bourgeoisie sterk genoeg is om met ander nasionale bourgeoisieë saam te werk om die rasse- en klasseonderdrukking in die sisteem te bowe te kom. Hoe dit nou ookal sy, vestig die skrywer nogtans ons aandag op die bestaande verskille tussen “nasionalistiese bevryding” en wat hy as ware nasionale bevryding sien.
- Dit bring ons by die derde model: die skepping van ‘n opregte, vereenigde en sosialistiese nasie, ‘n soewereine Azanië, waar:

“*die werkersklas eersdaags die bestuurdersklas sal word en waaruit die Suidafrikaanse nasie gevorm sal word… Selfs die volk verwerp die geldigheid van die Nasionale Party e.a. se idees van veelrassigheid en multi-etnisiteit omdat dit verdelend is. Hulle [die volk] sê uitdruklik dat dit wat ‘etniese groepe’ genoem word in der waarheid kleur kastes is òf linguïstiese, godsdienstige of adminitratiewe groepe, en niks meer nie*” (id., p. 180).

Om die polemiek mee af te sluit, beloon Alexander die Eenheidsbewegings van die PAC en AZAPO met ‘n gloeiende lofrede omdat hulle die derde model ondersteun en daarmee ‘balkanisering’ van die land vermy. Hy teken egter sterk beswaar teen die Sowjet teoretici, in die SAKP en *Congress*, aan (Potekhin veral). Eerstens omdat hulle eintlik die idee van stam ondersteun en verder omdat hulle ná afloop van

Morogoro – met sy spesifieke soort kolonialisme – 'n dualistiese model wat aan segregasie herinner, voorstaan.

Vir Joe Slovo wat op Alexander se verwoede aanval reageer, is:

"*Kolonialisme van 'n spesifieke soort is [nie] 'n postulaat vir die bestaan van twee afsonderlike nasies – wit en swart – [nie]. Die heersersklas in sy geheel is nie uitsluitlik blank nie [hoewel dit natuurlik is 'n indo-europese soort een is]… Anti-wit chauvinisme sal ook nie in 'n beter lig gestel word as dit 'n idee is wat op 'n mite berus nie. Die rewolusionêre klasse sal vinniger vordering maak in die stryd vir 'n enkele nasionale toestand as hulle besef dat ons nog nie 'n nasie is nie, maar moet veg sodat dit 'n werklikheid kan word*" (M. Van Diepen, 1988, p. 150).

Dit is in dié terme dat die debat die tagtigerjare binne bars en 'n kompetisie ontketen waarvan die oogmerk is om te sien met hoeveel oorgawe enige denker of groepering die eenheidsgedagte kan laat seëvier. Onder die invloed van die psigologiese en kuturele afrikanisme van "Swart Bewussyn", was die mode om 'n energieke patriotisme op swart trots te fundeer wat dan monolities en uitdagend Pretoria se "balkanisering" die hoof moes bied. (Ten spyte daarvan dat sy stigter, Steve Biko, vermoor is, het sy intellektuele en politieke nalatenskap deels bly voortleef onder AZAPO se vaandel.)

Boodskappers stel hulle ten doel om die gedagte op absoluut enige moontlike manier oor te dra, soos in die geval van Can Themba, 'n *Drum*-generasie skrywer en joernalis:

"*As gevolg van die ANC se pogings, asook industriële en demografiese veranderinge in die land, en die tendens in wit politiek om te veel op kleur aan te dring, voel Afrikane… asof hulle 'n nasie vorm – ten spyte van wat die gidse van die Inligtingskantoor van die Regering sê*" (C. Themba, 1972, p. 115).

Michael Attwell, politoloog, beaam dit: "*'n Gevoel van nasionale identiteit het hier en daar posgevat, maar nogtans posgevat*" (M. Atwell, 1986, p. 171). Desmond Tutu, kerklike en politieke aktivis voeg daarby dat:

"*In Soweto [het] ons nog altyd in harmonie saam[ge]leef. Ek is Xhosa en my bure is Zoeloes, Swazis, Pedis, Tswanas. As ons baklei is dit omdat ons jaloers is op iemand anders se nuwe klere. Ons het nog nooit in Soweto oor stamverskille slaags geraak nie*" (C.E. Cobb, 1993, p. 69).

Dis miskien waar, maar dit begin verdag lyk om só daarop aan te dring. En dis ook nie bó verdenking dat die etniese vraagstuk – of dan stamvraagstuk – gedurende die sestigerjare geheel en al 'n taboe-onderwerp raak nie. Die siniese afleiding wat 'n mens daaruit kan maak is dat die meeste groeperinge in die opposisie en ook in die Handvesalliansie se retoriek na een ding lyk en die naakte waarheid 'n hele ander storie is. Selfs nie eers die amptelike weergawe is heeltmal verwaterdig nie en 'n mens word deeglik bewus van die mate waartoe etniese konflik 'n aansienlike rol in die gang van die *Congress* gespeel het, asook in sy verhoudings met ander organisasies.

In dié verband is byna alle getuienis by wyse van mondelinge verklarings gedoen en kan daarom nie gekontroleer word nie. Boonop is sulke verklarings dikwels onbetroubaar en lok dit talle voorbehoude uit. 'n ANC-spesialis het, sonder om in enige détail daarop in te gaan, egter aan ons bevestig dat daar sonder twyfel vyf kommissies van ondersoek aangaande etniese konflik binne die beweging was tydens sy ballingskap. Hy maak ons ook daarop attent dat die Nguni-element sedert die sestigerjare in die bestuur oorheers (Xhosa om presies te wees; dit sluit Mandela, Sisulu, Tambo, Mbeki en Nzo in), terwyl die PAC meerendeels 'n Sotho-element, of die Noorde, verteenwoordig (Sobukwe, Leballo, Madzunya). In sy analise doen hy aan die hand dat dit vanweë die feit dat stamme in die Noorde, veral in Transvaal, histories gesproke uitgelewer aan die Boere was, terwyl die Nguni-groepe in die Suide weer meer geredelik die Britse liberale tradisie aan die Kaap aanvaar het en dus daarom 'n oper houding t.o.v. rasseprobleme gehad het.

Tom Lodge, wat eweneens op mondelinge getuienis staatmaak, onderskryf grootliks die bogenoemde hipotese en voeg by dat soos met die voorvalle tussen Sotho-mynwerkers en gematigdes in Transvaal, die PAC etniese mobilisering tot sy voordeel gebruik. Volgens hom, lééf ondersteuners op grondvlak hul identiteit uit, terwyl die bestuur van die *Congress* enige etniese etiket afwys. Hierdie verskynsel kom spesifiek tydens die onrus tussen die Transkei en Sekhukhuneland aan die einde van die vyftigerjare na vore.

Die botsing tussen identiteite, soos ons later gesien het, neem ‘n ernstige wending in Natal met die belangestryd tussen Inkatha en groepe wat die ANC goedgesind is. Die aantygings teen Buthlezi dat hy Zoeloe-trots gemanipuleer het, is welbekend. Minder van ‘n ophef is egter gemaak oor Zoeloe-hoofde se skeltaal teen die Xhosa-hegemonie en hul Pondo neefs binne die *Congress*, wat dit natuurlik nie van mindere belang maak nie (G. Mare, 1992).

Stephen Ellis beklemtoon in *Comrades against apartheid* die etniese wrywing in die *Congress*-alliansie. Hy is van die min outeurs wat wel sonder meer daarna verwys, al is dit vlugtig. Só spoor hy die gevalle van onmin tussen die Tswanas en Xhosas in die ANC ná, wat aanleiding gegee het daartoe dat eersgenoemde ‘n minderheid teenoor die ander groep in die belangrikste liggame van besluitneming gevorm het (S Ellis en T. Sechaba, 1992, p. 177 – 178). Hy bring kritiek teen Tambo omdat dié Xhosas voortrek (id., p. 41-42) asook teen die konfrontasies in die SAKP, waar die sekretaris-generaal, Moses Mabhida, van Zoeloe-oorsprong, met moeite ‘n onmoontlike etniese balans probeer handhaaf.

Uit die Frans vertaal deur Karin Bredenkamp